Glo u in die hel?

Die hel maak bang

Glo u in die hel? 'n Sekere kerk in Engeland laat nie meer toe dat jy dit mag glo nie. Die hel is daar afgeskaf. Tereg, word daar in die Nederlandse pers gesê: Laat baie hierdie goeie voorbeeld volg. Die hel is outyds. Dit is iets van die Middeleeue. Toe is mense daarmee bang gemaak op advies van Origenes, die uitvinder van die vaevuur. Hy kon homself nie voorstel dat God met die hel 'n ernstige doel het nie. Miskien is dit bedoel as 'n opvoedkundige les. Die hel is dan so iets soos die kwaai gesig van 'n bose vader. Dit wil die kind bang maak, sodat hy vir die sonde sal skrik. Maar uiteindelik gebeur daar niks nie. Nee wat, die hel pas heeltemal nie by God nie.

Die hel maak onsimpatiek

Vele mense ervaar nog altyd moeite daarmee. Daar is aan Pous Johannes XXIII gevra of die hel bestaan. Hy het wel so gedink. Maar, so sê hy agterna: Daar is niemand daar nie! So 'n uitspraak is tipies van hierdie simpatieke man. Het dit immers nie vir prof. dr. K. Schilder in 'n slegte lig gestel nie? Die titel van sy een boek was immers *Wat is die hel?* Daarmee het dr. J.M. den Uyl hom geklassifiseer. Prof. dr. H.M. Kuitert lyk tog baie gawer as hy skryf, dat die hel nie 'n plek is van die ewige straf nie, maar van die ewige dood.

Die hel bestaan

Die Bybel laat egter geen misverstand hieroor bestaan nie. Die hel bestaan! En dit word ook konkreet aan ons voorgestel. 'n Plek van 'n altyd-durende pyniging. En die mense daar sal bly huil en op hul tande kners. Wie het vir ons daarvan vertel? Nie een of ander genié met kwade bedoelings nie. Dit is die Here Jesus self. Hy wat van Homself getuig dat Hy sagmoedig en nederig van hart is! Die Liefling van die Vader. Laat ons daarom des te meer die hel ernstig opneem.

Wat die hel nie bedoel nie

Hoe doen ons dit? Dit is waar. Die hel is nie bedoel vir bangmakery nie. En as dit alleenlik daaroor gaan, laat ons die hel maar eerder afskaf. Dit is nie geskik as opvoedkundige middel. Dit kan dan selfs 'n teenoorgestelde effek hê. Ek dink aan 'n waarskuwing vele male reeds gehoor. Die kind vra sy pa of hy na die fliek mag gaan. Die pa antwoord: Stel jou voor, dat jy daar sit en die Here Jesus kom terug ... Die geloofsopvoeding mag veel beter voorbeelde gebruik!

Ek dink ook aan die verleiding om by die skielike sterwe te dreig met die oordeel van God. 'So sien jy maar weer: jy moet altyd bereid wees om God te ontmoet'. Daar is dié onder ons wat hiermee hul geloof in ons goeie God verloor het.

Wat die hel wel bedoel

Die hel is wel '....skrikwekkend en angsaanjaend vir die slegte en goddelose mense, maar die regverdiges en uitverkorenes (...) put ryk troos daaruit' (Art 37 NGB).

Watter troos bied die hel? Dit hou die oog op ons ewige veiligheid. En die kwaad (wat nie eers kan wegbrand nie!), word vir altyd daar opgesluit gehou. En ook, die ongewreekte onreg van hierdie lewe, word daar vergeld.

Die hel troos

Die troosmotief lyk asof dit goed bruikbaar is in ’n tyd waarin ons veral gekonfronteer word met onreg wat nie bestraf word nie. Dink aan Bosnië en Rwanda.
En ook nader aan ons is daar allerlei ellendes wat vra vir die ingryping van ’n hemelse regter. Eén voorbeeld. Die insest. Die publisiteit daaromtrent groei. En ons worstel met vrae omtrent die moontlikheid van die herstel, vergewing en versoening.
Dit val my persoonlike baie op – volgens my ervaring van hierdie problematiek tot nou toe – dat slagoffers wel die Bybel gebruik as dit gaan oor die vraag na bekering – en die daders ken die Bybel daaromtrent ook! – maar dat die duidelik Skriftuurlike notas oor wraak en vergelding vir hulle moeilik hanteerbaar is.
Hierdie ongemak het waarskynlik te make met die omgewing waarin die slagoffers leef. ‘In die kerk leer ons tog dat ons elkeen moet vergewe?’ Intussen gaan sommige as voortdurende slagoffers deur die lewe. En sommige daders bly ontken, of oefen selfs dreigemente uit, dat die slagoffer begin twyfel aan die feitlikheid van die misdaad.
Dit is maar net een voorbeeld, daar is meer. Daarom vra ’n oproep om die hel te vergeet, nie maar net ’n protes van ons nie, maar ook ’n nadere besinning oor die goeie gebruik van hierdie ernstige geloofstuk.

G Zomer

© by skrywer - 2009
www.christelikebiblioteek.co.za